higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

OPPERVLAKELEMENTE TEORIE EN PRAKTIES N4

(10050314)

20 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
OPPERVLAKELEMENTE TEORIE EN PRAKTIES N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gevolg word.

4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.20) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Die gewildheid van muurpapier het in die Victoriaanse tyd 'n hoogtepunt bereik.

1.1.2 'n Plafon met 'n glansverf bedek is, laat 'n kamer helderder lyk.

1.1.3 Orlon was die eerste akrielvesel op die mark.

1.1.4 Glasvesels is stabiel en kan nie buig nie.

1.1.5 Kleiteëls is die produk van 'n mineraalontginningsproses.

1.1.6 'n Wolmat krimp as dit in water gewas word.

1.1.7 'n Ontwerp wat op 'ingrain' papier gedruk word, het 'n verhewe oppervlak.

1.1.8 'n Hollysplafon loop opwaarts om die illusie van ruimte te gee.

1.1.9 Metaalvesels word in matte ingeweef om statiese ladings te voorkom.

1.1.10 Die sisalplant word in klapperhaarmatwerk gebruik.

1.1.11 Nylon word in naaldweefvilt en gebinde matte gebruik.

1.1.12 Muurpapier met 'n opvallende blomontwerp sal 'n klein kamer opvrolik.

1.1.13 Daar is ses maniere om pooloppervlakke te maak.

1.1.14 Sonblindings bestaan uit smal, horisontale stroke glas.

1.1.15 Plafonne kan van geperste staal gemaak word.

1.1.16 Krake in mure moet nooit met muurpapier bedek word nie.

1.1.17 Welwing is die afwerking van 'n las tussen 'n muur en plafon.

1.1.18 Die hout van 'n angiosperm is sag.

1.1.19 Poliëster word hoofsaak in stoffeermateriaal gebruik.

1.1.20 Klip is bestand teen olie en ghries.

(20 × 1) (20)

Kopiereg voorbehou

1.2 Kies 'n term uit KOLOM A om by 'n beskrywing in KOLOM B te pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Glad as dit nat is	A	durrie
1.2.2	Dun plastiekbedekking	B	fluweel
1.2.3	Kan verhitting en klank beïnvloed	C	kleur
1.2.4	Word met 'n jacquardweefgetou geweef	D	katoen
1.2.5	Elliptiese lower in 'n straalson-patroon	E	akrielvesel
1.2.6	Opvallend gestreepte katoen	F	plafon
1.2.7	Dit het 'n sielkundige uitwerking op 'n mens	G	graniet
1.2.8	Sagte soort vesel wat nie duursaam is nie	H	Kermansja (kerman)
1.2.9	Eenvoudigste vorm van tapytweef	I	Wilton
1.2.10	Dis bestand teen motte	J	vinielmuurpapier

(10 × 2) (20)

1.3. Gee EEN woord of term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die woord of term langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.20) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 'n Venster wat in 'n klein, uitspringende alkoof ingemessel is

1.3.2 Vensterrame wat op en af kan skuif

1.3.3 Dit word gemaak van die sellulose wat uit afvalkatoen en houtpap verkry is

1.3.4 Hierdie vesels voel soos wol

1.3.5 Hulle is met plastiek bedek en verleen gewig aan tekstiele

1.3.6 Hulle word verkry van keëldraende bome met naaldagtige blare

1.3.7 Plat en dun vierkante en reghoeke van klei wat teen 'n uiters hoë temperatuur gebak word

1.3.8 'n Smal deurloop wat na alle vertrekke van 'n huis lei en swaar verkeer dra

1.3.9 'n Smal, dun belegsel waarmee 'n vloerlys afgewerk word

Kopiereg voorbehou

1.3.10 Hoewel dit hoofsaaklik vir plafonne bedoel is, kan dit ook op ander plekke gebruik word om die akoestiek te verbeter

1.3.11 Wek die illusie van ruimte in 'n kamer

1.3.12 Droë grasse wat aan mekaar vasgewerk en op 'n papierruglaag vasgeplak word

1.3.13 Papier wat met 'n metaalsilinder gepers word sodat dit 'n verhewe ontwerp vertoon

1.3.14 Bruin, harde vesel in plantstingels waarvan die ruglaag van matte gemaak word

1.3.15 Word van die kokosneut verkry en in matte en lopers gebruik

1.3.16 Dit kom die naaste aan wol en word in geweefde en pluismatte gebruik

1.3.17 Matte wat deur nomadiese stamme in Sentraal-Asië geweef word

1.3.18 Hulle word geprofileer of uitgekerf en omraam vensters en deure

1.3.19 'n Sierband net onderkant die kroonlys

1.3.20 'n Muurafwerking wat die agterwerk vir verf vorm

(20 × 1) (20)
[60]

VRAAG 2

2.1 2.1.1 Noem SES maniere waarop mure bedek word. (6)

2.1.2 Wat is die mees gepaste soort muurbedekking vir 'n koue studeerkamer? Motiveer jou antwoord. (4)

2.2 'n Kliënt vra jou uit oor die volgende sintetiese vloerbedekkings. Hy wil die vloer van sy industriële kombuis met een bedek.

2.2.1 Viniel

2.2.2 Linoleum

2.2.3 Rubber

2.2.4 Kurk

2.2.5 Asfalt

(5 × 5) (25)

2.3 Watter soort drukwerk is die vinnigste as alles van tyd afhang? Silinderdruk of sifdruk? (5)
[40]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

3.1 Bespreek die verskil tussen die volgende soorte gesteentes:

3.1.1 Sedimentêr

3.1.2 Metamorfies

(2 × 6) (12)

3.2 Bestudeer die prent hier onder en benoem die dele wat met pyle aangedui is.



[Bron: *http://www.topcraftwoodworking*.com] (18)

3.3 Beskryf die eienskappe van veiligheidsglas. (5)

3.4 Hoe sal jy 'n voornemende kliënt oorreed om boumateriaal op die 'groen' manier te gebruik? (5)

3.5 Verduidelik wat 'n plafonroos is. (5)

3.6 Wat is stukadoorspleister? (5)

[50]

TOTAAL AFDELING A: 150

AFDELING B

VRAAG 4

4.1 Beskryf die verskille tussen die kenmerke van die binne- en buitekant van die volgende wonings:

4.1.1 Noord-Afrikaanse wonings

4.1.2 Sentraal-Afrikaanse wonings

4.1.3 Suider-Afrikaanse wonings

(3 × 10) (30)

4.2 Beskryf hoe hierdie Persiese tapyt uit die 1930's gemaak is.



[Bron: *http://www.ebay.com/bhp*] (10)

4.3 Verduidelik watter materiaal die beste sal wees vir die werksvlakke in:

4.3.1 Professionele kombuise

4.3.2 Die gebakafdelings van bakkerye

(2 × 5) (10)

TOTAAL AFDELING B: 50
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou